

21 Julie

1 Samuel 16 (16:7b)

Die Here kyk na die hart

Toe Samuel 'n koning in die plek van die ongehoorsame Saul oor Israel moes salf en die seuns van Isai ontmoet het, het hy dadelik gedink dat hy in die oudste seun die opvolger gevind het. Sy voorkoms en hoë gestalte het die deurslag gegee. Dit was ydele waan. Hy het net die uiterlike gesien. Die Here is die Kenner van die hart (Ps. 139). Die mens kyk na wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan. "Die Here sien die hart aan". Dit spreek jou veral aan waar mense dink dat die uiterlike godsvrug voldoende is. Die Fariseërs het ook so gedink. Hulle het op die straathoeke gebid, liefdadigheid bewys om gesien te word en hulle hande gewas voor hulle gaan eet het. Hulle het hulle krag in die dinge wat sigbaar is gesoek. Die gesindheid lewe steeds in die harte van baie mense en wel by hulle wat 'n dor hart paar met 'n belydende mond, vir wie alle godsvrug in kerkgang sonder geloofsdade oplos, by wie geloof 'n kleed is wat jy aantrek en waaronder die ongelowige hart ongesteurd voortklop.

"Die Here sien die hart aan". Dit is ook 'n woord van bemoediging vir almal wat deur die wêreld verbygegaan word, self deur medegelowiges nie gereken word nie, omdat hulle nederige hart nie aandag trek nie en hulle as vergete burgers voortlewe. Wie het aan Maria van Nasaret gedink? Maar die engel van die Here het haar besoek. Wie het aan die weduwe gedink wat die skamele kollekte in die bus gegooi het? Maar Jesus Christus het sy Goddelike aandag aan haar gegee. Wie het gedink aan Dawid, die klein seun van Isai, wat die skape opgepas het, maar tot koning gesalf is? "Die Here sien die hart aan" is ook 'n woord van vertroosting vir elkeen wat homself ken. Ons getuigenis in die wêreld is meesal gebrekkig. Ons arbeid in die koninkryk is vol gebreke, terwyl ons gebede dikwels armoedig is, sodat ons ons diep moet skaam voor God. Maar aan God bring ons die lof omdat Hy nie by ons gebrekkige uitinge van ons geloofslewe bly staan nie, maar deurkyk tot in ons harte en ons innerlike bedoelinge en gesindheid wat daaruit spreek, verstaan. Gebreke het Hy juis in Christus vir ons toegemaak, sodat ons harte nou nuut en Hom welgevallig kan wees. Ook hier geld dit: Die Here sien die hart aan.

Ds. MJ. Smidt (Innesdal)